**Saterdag 25 Junie**

**Skrifgedeelte: Markus 16:1-8; HK Sondag 17, Vraag 45**
**Fokusgedeelte: Markus 16:6**

## Jesus, die gekruisigde, het opgestaan

Markus vertel ons van 'n paar vrouens wat gedink het dat met Jesus se dood alles, wat Hom betref, verby was. Daarom het hulle speserye gekoop om sy liggaam te balsem. By die graf het hulle egter groot geskrik toe hulle 'n engel daar aantref wat aan hulle sê: "*Julle soek Jesus van Nasaret wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek*" (Mark. 16:6). In hierdie maklik verstaanbare uitspraak hoor ons die magtigste boodskap van alle eeue: *Jesus, die gekruisigde, is opgewek*. Omdat Hy deur God opgewek is, het Hy opgestaan. In hierdie woorde van die engel word daar 'n besondere band en verband tussen die kruisiging en opstanding van Christus gelê. Met nadruk verklaar die engel dat dié Jesus wat *gekruisig is – Hy het opgestaan*. Die kruis en die oop graf van Christus mag dan ook nooit van mekaar geskei word nie. Ons kan immers alleen die regte siening op die opstanding van Christus kry as ons daarna kyk in die lig van sy borgtogtelike lyding aan die kruis.

Wat het aan die kruis plaasgevind? Die belangrikste wat daar plaasgevind het, is dat Christus daar die smarte van die hel deurworstel het om ons daarvan te verlos. Dit het gebeur toe Hy van God verlaat was gedurende die drie ure van duisternis. Toe het Hy ons verlos van die *tweede dood* – soos die hel in Openbaring (20:6; 21:8) genoem word. Hy het hierdie oorwinning bevestig met die uitroep:"*Dit is volbring*!" Nou sê die engel egter aan die vrouens dat Jesus wat gekruisig is, ook opgestaan het uit die liggaamlike dood, *dit is die eerste dood*. Hy verkondig dus aan hulle die evangelie dat Christus wat reeds die tweede dood (die hel) aan die kruis oorwin het, nou ook die eerste dood (die liggaamlike dood) oorwin het. Die leë graf dien as bewys daarvan. So vorm Christus se opstanding uit die dood die seël en kroon op sy ganse verlossingswerk tot op hierdie stadium. Daarom kon Paulus ook met blydskap getuig: "*Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal. Dood, waar is jou oorwinning? Dood waar is jou angel ... Ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus*" (1 Kor. 15:54, 44, 47).

So bied Christus se opstanding, juis in aansluiting by sy kruislyding, aan ons die vaste sekerheid van ons eie salige opstanding. Hy het die sonde en die dood op so 'n wyse oorwin dat ons met vrymoedigheid saam met Paulus van ons dood kan sê: "*Ons weet dat, wanneer ons woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God en dit bly ewig staan*" (2 Kor 5:1).